# Handleiding vir Ouderlinge

'n Kort opsomming van die ampswerk van ouderlinge asook enkele praktiese riglyne om hulle behulpsaam te wees in die uitvoering van hulle ampswerk.

Saamgestel en uitgegee deur
**Streeksklassis Trans-Magalies**

# Inhoud


DIE DOEL VAN DIE HANDLEIDING
1. ALGEMENE ASPEKTE
  1.1. Artikel 16 K.O.
  1.2. Artikel 23 K.O.
2. HUISBESOEK
  2.1. WAT IS HUISBESOEK
  2.2. VOORBEREIDING VIR HUISBESOEK
  2.3. WANNEER MOET HUISBESOEK GEDOEN WORD
  2.4. HOE MOET HUISBESOEK GEDOEN WORD
    2.4.1. Algemeen
    2.4.2. Die inrigting van die huisbesoek
  2.5. GESPREKKE TYDENS HUISBESOEK
    2.5.1. Kerkbesoek
    2.5.2. Huisgodsdiens
    2.5.3. Katkisasiewerk vir Sondag
    2.5.4. Kerklike bydraes
    2.5.5. Nagmaalsvoorbereiding
    2.5.6. Die heiliging van die Rusdag
  2.6. ENKELE SKRIFGEDEELTES VIR BEPAALDE GELEENTHEDE
    2.6.1. Voorbereiding en Nagmaal
    2.6.2. Siekes en beproefdes
    2.6.3. Ampsdraers
    2.6.4. Die weduwee en die agterblewenes
    2.6.5. Vir die Jeug
    2.6.6. Vir die oues van dae
    2.6.7. Swak kerkbesoek
    2.6.8. Verharding en onbekeerlikheid
    2.6.9. Huisgodsdiens
3. TOESIG OOR MEDE-AMPSDRAERS
  3.1. Toesig oor die predikant
  3.2. Toesig oor mede-ouderlinge en diakens
4. DIE KERKLIKE TUG
  4.1. Uitgangspunt
  4.2. Ons belydenisskrifte en die kerklike tug
    4.2.1. Tug: Die derde kenmerk van die ware kerk
    4.2.2. Tug: Die tweede sleutel van die Hemelryk
  4.3. Die Bevestigingsformulier vir Ouderlinge en die kerklike tug
  4.4. Die Kerkorde en die kerklike tug: Artikels 71-80
  4.5. Die aard van die kerklike tug
  4.6. Die doel van die kerklike tug
    4.6.1. Die handhawing van die eer van God
    4.6.2. Die handhawing van die heiligheid van die gemeente
    4.6.3. Die behoud van die sondaar
  4.7. Waar die kerklike tug begin
    4.7.1. In die gemeente
    4.7.2. Heimlike sondes
    4.7.3. Die onderlinge vermaning
  4.8. Prosedure by die toepassing van die kerklike tug
    4.8.1. Die oorgawe van die tuggeval aan die Kerkraad
    4.8.2. Die afhouding van die sakramente
    4.8.3. Die afsnyding of die groot ban
    4.8.4. Die tug oor ampsdraers
5. VERGADERINGS, VERSLAE EN ARTIKEL 81 K.0.
  5.1. Kerkraadsvergaderings
  5.2. Verslag
  5.3. Artikel 81 K.O.
6. BIBLIOGRAFIE

# DIE DOEL VAN DIE HANDLEIDING

Die bediening van die Woord aan die indiwidu of die verbondsgesin het nog altyd in die Gereformeerde Kerke hoë prioriteit ontvang. Daarom is die huisbesoek van die predikant en die ouderling so uiters belangrik. Want daar in die kleiner kring word die Woord deur die predikant in die persoonlike situasie bedien, terwyl die ouderling toesien dat die saad van die Woord groei in die lewe van die gelowiges. Die huisbesoek is die dinamiese beweging in die kerk wat geloofsgroei en die vrugte van ware bekering op die oog het. Lewende aktiewe huisbesoek stimuleer 'n lewende gemeente. Daarenteen stagneer 'n gemeente waar huisbesoek ontbreek.

Daarom moet ons voortdurend let op die korrekte effektiewe funksionering van die ampte. Die doel van hierdie boekie is om die ouderling toe te rus vir sy dienswerk tot opbou van die gemeente. Verskillende aspekte van die ampswerk word belig en toegespits op ons kerklike situasie in die stad.

Mag dit dien tot seën vir ons kerke in hierdie klassis.

# 1. ALGEMENE ASPEKTE

Benewens die erediens, funksioneer die amp van die ouderling veral by huisbesoek. In wese is die huisbesoek 'n gesprek tussen twee mense of groepe mense. Aan die eenkant staan die ouderling en aan die anderkant die lidmaat (lidmate). Die ouderling word aan ons bekend gestel in die bevestigingsformulier waar al die Skrifdele oor die amp duidelik verklaar word. Lees die formulier gerus weer!

Uit die Kerkorde haal ons die volgende twee artikels hieroor aan:

## 1.1. Artikel 16 K.O.

"Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die gemeente, en uiteindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind".

## 1.2. Artikel 23 K.O.

"Die amp van die ouderling is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om van die lidmate te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek".

Die ouderling sien dus soos volg daaruit:

a. Hy is wettig deur die Here geroep.

b. Hy moet waak oor die kudde.

c. Hy moet vermaan, vertroos, teregwys en toesig hou.

d. Hy is 'n voorganger.

e. Hy is die handhawer van die Woord in eike huis.

Aan die anderkant is daar die lidmate. Hulle is die gelowiges wat hulle geloot openlik bely, hulle saligheid buite hulleself in Christus soek en uit die Woord wil lewe. Maar hulle leef ook in 'n bepaalde omgewing met bepaalde omstandighede. Hulle staan onder invloed van hulle tyd. Daarom is dit nodig dat ons iets meer sê oor die gemiddelde semi-stadslidmaat en stadsgesin:

a. Hy is baie sterk gekoppel aan sy werksituasie, d.w.s. 'n groot deel van sy lewe en denke word deur sy werk bepaal.

b. Hy wil sy geloot ook in sy werksituasie beleef.

c. Sy gesinslewe is baie ingeperk a.g.v. allerlei eise van die samelewing soos skoolbedrywighede, kultuurbedrywighede, ens.

d. Hy is basies aan baie spanning onderhewig a.g.v. die bedrywige lewe.

e. Sy gedragspatrone word baie bepaal deur sy omgewing.

f. Hy is die prooi van baie invloede d.m.v. pers, televisie, ens.

g. Hy het 'n behoefte aan privaatheid omdat 'n groot deel van sy lewe totaal ingeneem is deur die stadskultuur.

h. Hy het 'n behoefte aan ontspanning.

i. Hy is onbetrokke juis omdat hy soek na privaatheid en ontspanning.

Met hierdie mens werk die ouderling. Hy moet toesien dat die saad van die Woord groei in die lewe van hierdie mense. Dit kan alleen gedoen word deur doelgerigte effektiewe uitvoering van sy ampswerk — die vrug van deeglike toerusting.

# 2. HUISBESOEK

In Hand. 20:28 lees ons:

"Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg. . . "

Om goed ag te kan gee op die hele kudde en om die gemeente van God te kan versorg moet die ouderling gereeld huisbesoek doen. Dit is 'n ontsaglike taak wat versigtig, verantwoordelik en biddend aangepak moet word.

Om die ouderling hierin behulpsaam te wees, word kortliks op die volgende gewys:

1. WAT IS HUISBESOEK.
2. VOORBEREIDING VIR HUISBESOEK.
3. WANNEER MOET DIT GEDOEN WORD.
4. HOE MOET DIT GEDOEN WORD.
5. GESPREKKE TYDENS HUISBESOEK.
6. ENKELE SKRIFGEDEELTES VIR BEPAALDE GELEENTHEDE.

## 2.1. WAT IS HUISBESOEK

Huisbesoek is die amptelike maar private en vertroulike herderlike sorg aan die lidmate in hulle huise. Vir die beginsel van hierdie diens vgl. 1 Tim. 5:17; 1 Thess. 5:11-14; 1 Petrus 5:2. In hierdie herderlike taak spreek die Woord van God en nie die ouderling nie.

## 2.2. VOORBEREIDING VIR HUISBESOEK

Om sy ampswerk na behore te kan verrig, moet elke ouderling voorbereid in sy wyk ingaan. Indien hy dit nie doen nie sal sy werk gou vir hom 'n las wees en nie 'n lus nie.

Die ouderling wat net gou voor Nagmaal met 'n formele rympie deur sy wyk jaag, veroorsaak net teleurstelling en frustrasie in sy wyk. Dit ontneem die lidmate die vrymoedigheid om te praat, want die ouderling is haastig. So mag dit nie!

Die ouderling moet met God wandel en dit beteken dat hy *eers* moet luister en buig onder die gesag van die Woord van God om dan met krag sy werk te kan doen.

Die ouderling wat nie vooraf beplan nie, doen lapwerk. Vir elke gesin en elke lidmaat in sy wyk moet hy vooraf beplan. Hy moet hom afvra wat God vir elkeen sou sê en daarna sy Bybel neem, want daarin vind ons die gesprek van God met elke mens in elke situasie. Die ouderling moet dus met 'n besondere doel voor oë op huisbesoek gaan, voorbereid op elke situasie. Hy moet ook nie in sy wyk ingaan voordat hy in gebed God se bystand en leiding afgesmeek het nie, want sonder Hom is al sy werk tevergeefs.

## 2.3. WANNEER MOET HUISBESOEK GEDOEN WORD

Die ouderling moet **gereeld** huisbesoek doen.

Dit is noodsaaklik omdat daar geen ander manier is om sy lidmate goed te leer ken nie. As ouderling kan hy alleen sy lidmate sinvol lei en versorg as hy hulle ken en weet wat hulle behoeftes is. Aan die anderkant sal die lidmate hom ook alleen vertrou as hulle hom ken.

Gereelde huisbesoek verg dus dat die ouderling nie net voor Nagmaal gou deur sy wyk jaag nie. 'n Gejaagde huisbesoek beteken net so goed as geen huisbesoek. Hy moet voor en na Nagmaal besoek aflê waar nodig. Hy moet ook tydens sy huisbesoek 'n rustige atmosfeer skep wat die lidmate kan laat voel dat hy in hulle belangstel en dat hy tyd het

vir hulle.

Dit is sy roeping as herder om die lidmate te vertroos, te onderrig en op te bou in die geloof en daarvoor het hy tyd nodig. Hy moet ook sorg dra dat die lidmate in die regte verhouding tot God staan; dat hulle as gelowiges in leer en lewe wandel ooreenkomstig die Woord van God.

# 2.4. HOE MOET HUISBESOEK GEDOEN WORD

## 2.4.1. Algemeen

Dit is nie moontlik om in die verband 'n reglement vas te lê nie. Elke indiwiduele geval moet na die eis van omstandighede hanteer word. Een ding staan egter vas ten opsigte van elke besoek en dit is dat Skrif lesing en gebed in die sentrum staan. Dit onderskei die besoek as amptelike en plaas die stempel van die Sender daarop.

## 2.4.2. Die inrigting van die huisbesoek

Geen vasgestelde reëls kan hiervoor neergelê word nie, daarom kan daar slegs enkele riglyne gegee word.

2.4.2.1. Doen kortliks navraag oor die welstand van die helegesin. Vra die Bybel en kondig die doel van die besoek aan. Nooi die lidmate uit tot openhartige gesprek.

2.4.2.2. Lei die onderwerp wat u vooraf beplan het om oor te praat in, byvoorbeeld: kerkbesoek, sending, bydrae, huisgodsdiens. Die ouderling wat sy lidmate ken sal weet waaroor om te praat. Gee ruim geleentheid vir bespreking.

2.4.2.3. Doen afwisselend tydens die huisbesoek navraag oor huisgodsdiens, kerklike meelewing, bydrae, huis-katkisasie, leesstof, ens.

2.4.2.4. Gee aan lidmate die geleentheid om met hulle persoonlike vrae en probleme na vore te kom. Bespreek dit dan op simpatieke wyse. Moet nooit laat blyk dat u dink die vrae is onnodig of lastig nie.

2.4.2.5. Die goeie ouderling sal ook nooit nalaat om met elke kind in die gesin persoonlik te praat nie.

2.4.2.6. Die navraag na Nagmaal is uiters belangrik. Die ouderling moet hier egter waak daarteen om nie die lidmate na die tafel toe te nooi namens die kerkraad nie. Hy moet hulle herinner aan die bevel van Christus — "Doen dit tot My gedagtenis". Dit is geen uitnodiging nie, maar 'n opdrag. Wek die lidmate op tot selfondersoek.

2.4.2.7. Moet nooit te gou met 'n saak na die kerkraad of dominee toe gaan nie. Probeer altyd eers self om die saak op te los.

2.4.2.8. Sluit altyd die besoek af met Skriflesing en gebed. Dit plaas die stempel van u Sender op die besoek.

**Waarskuwing**

Die ouderling moet daarteen waak dat die huisbesoek die vorm van inspeksie aanneem. Lidmate voel dit baie gou aan en dan bou hulle 'n weerstand op teen die ouderling wat toekomstige ampswerk in die huisgesin bemoeilik.

# 2.5. GESPREKKE TYDENS HUISBESOEK

Die volgende kan dien as raamwerk vir enkele gesprekke wat aan die beurt kan kom by die lidmate waar nodig.

In die gesprekke moet egter steeds onthou word dat daar nie bloot oor kerkbesoek, huisgodsdiens of kerklike bydraes as sake gepraat word nie. Die doel van elke gesprek is om vas te stel of die lidmaat Christus en sy weldade vir hom of haar persoonlik toe-eien.

Slegs die lidmaat wat dit gedoen het sal dit wat in die gesprekke na vore kom ook reg benader.

## 2.5.1. Kerkbesoek

### 2.5.1.1. By die gereelde kerkganger

Beklemtoon die voorreg wat hulle geniet om elke Sondag twee keer onder die geklank van die Woord van God te kan kom. Bemoedig hulle om daarin te volhard. Bou hulle ook verder op deur te wys op die geloof wat deur die Heilige Gees versterk word deur die verkondiging van die Evangelie.

Praat met hulle oor die preke. Dit bring verdere verdieping in die geestelike lewe.

### 2.5.1.2. By die swak kerkganger

Toon in die gesprek aan dat God self ons beveel en van ons eis om die verkondiging van sy Woord in die erediens gereeld by te woon. Vergelyk in die verband die volgende uitsprake:

a. Rom. 10:14, 17: "Hoe gaan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat .preek? . . . Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God". Hier moet gelet word op die nou verband tussen die **geloof** en die **hoor** van die Woord van God.

b. Hebr. 10:25: "Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie". Die onderlinge byeenkomste sien hier duidelik op die eredienste.

   (Vgl. ook verder nog I Kor. 1:21; I Petrus 2;2; Joh. 8:47; Deut. 16:16).

Toon ook aan dat die Heilige Gees ons geloof deur die prediking van die Woord werk en versterk (H.K. Sondag 25 vr. 65).

Wie nie getrou en gereeld die eredienste bywoon nie, sondig, want:

a. Die erediens is 'n ontmoeting met God. Wie wegbly sondig teen die Here.

b. Hy weerstaan die Heilige Gees, want die erediens is die besondere werkplek van die Gees.

c. Hy minag die gemeenskap van die Heiliges, want die ere diens is ook die samekoms van die gelowiges.

## 2.5.2. Huisgodsdiens

In sy gesprek met die lidmate moet die ouderling ook aantoon hoe noodsaaklik dit is om gereeld huisgodsdiens te hou. Wie dit nie doen nie raak van God vervreem en begin wegdwaal. Dit is die vader se plig om hierin voor te gaan en as hy nie tuis is nie dan moet die moeder dit doen. Boekevat oor die radio en T.V. mag nie die persoonlike huisgodsdiens verdring nie.

Waarom is huisgodsdiens so noodsaaklik? Om die volgende redes:

a. Daardeur neem ons kennis toe.

   Geloof is nie moontlik sonder kennis nie (Hosea 4:1, 6).

b. Deur die lees van die Woord word geloof gewerk en bestaande geloof versterk (Rom. 10:17; 1 Petrus 1:23, 25; 1 Petrus 2:2).

c. Kennis van die Skrif baan die weg tot saligheid (2 Tim. 3:15: en dat jy van kleins af die Skrifte **ken** wat jou wys maak tot saligheid deur die geloof in Jesus Christus").

d. "Salig is hy wat die woorde van die profesie **lees** en die wat **hoor** en **bewaar** wat daarin geskrywe is" (Openb. 1:3).

e. Die ouers is kragtens hulle doopbelofte ook verplig om hulle kinders uit die Woord te onderrig sodat hulle die Here kan leer ken. Veral Deut. 6:5 en 6 is in die verband belangrik:

> "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op die pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan".

## 2.5.3. Katkisasiewerk vir Sondag

Elke ouer is kragtens sy doopbelofte eerstens geroepe om self sy kind te onderrig in die vrese van die Here en tweedens om sy kind ook "te laat onderrig". Die kategetiese onderrig van die kinders Sondae vorm deel van die "te laat onderrig".

Die ouderling moet die ouers voortdurend daarop wys dat hulle ten nouste betrokke is by die onderrig. Hulle moet toesien dat die kinders hulle werk tuis voorberei en ken vir Sondag.

Die praktyk het getoon dat dit 'n goeie metode is om tydens huisgodsdiens ook die katkisasiewerk te behandel.

## 2.5.4. Kerklike bydraes

In die gesprek oor kerklike bydraes moet die ouderling aantoon wat die **motief** is vir die gee van kerklike bydraes:

### 2.5.4.1. Uit dankbaarheid

Eerstens moet hy daarop wys dat dit uit dankbaarheid gegee word vir die groot offerande van liefde wat Christus gebring het om ons redding en verlossing te bewerk (II Kor. 8:1-9).

Ook uit dankbaarheid vir die stoflike gawes wat ons van die Here ontvang. As ons dit nie doen nie, beroof ons die Here (Matt. 3:8).

### 2.5.4.2. Instandhouding van die erediens

Lidmate moet daarop gewys word dat die gee van bydraes nie, 'n vrywillige saak is nie, maar 'n verpligting. Die bedienaar van die Woord moet versorg word, sending en evangelisasie moet gedoen word, ens. Vgl. in die verband 1 Kor. 9:13, 14:

"Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die Evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die Evangelie moet lewe".

### 2.5.4.3. Mag en bevoegdheid

Die kerkraad het ook volgens die Skrif die mag en bevoegdheid om van die lidmate bydraes in te vorder soos benodig vir die welsyn van die kerk en die uitbreiding van die Koninkryk van God. (Vgl. Matt. 16:10; Rom. 13:1-7; I Petrus 2:13-17, H.K. vr. en antw. 104.)

### 2.5.4.4. Gesindheid by die gee van bydraes

Kerklike bydraes moet nie uit dwang gegee word nie maar met blymoedigheid. Paulus se God het 'n blymoedige gewer lief (2 Kor. 9:7).

### 2.5.4.5. Hoeveel moet gegee word

Elkeen moet bydra volgens sy vermoë (Deut. 16:16, 17; 2 Kor. 16:2; 2 Kor. 8:12). "Wie spaarsaamlik saai, sal spaarsaamlik maai; en" wie volop saai, sal volop maai" (2 Kor. 9:6).

### 2.5.4.6. Wyse van insameling

Volgens die Skrif is dit elke lidmaat se plig om sy bydrae kerk toe te bring. (Vgl. Deut. 12:5, 6; Hand. 4:34).

### 2.5.5. Nagmaalsvoorbereiding

In die gesprek moet die ouderling aantoon dat ons hele lewe 'n lewe van voorbereiding en oefening in die godsaligheid moet wees. Nogtans vereis die Nagmaal 'n besondere voorbereiding.

Die formulier noem in die verband drie stappe:

2.5.5.1. Selfondersoek wat uitloop op selfmishaging vanweë my sonde.

2.5.5.2. Selfondersoek wat uitloop op persoonlike geloofsekerheid dat Christus my Saligmaker is.

2.5.5.3. Selfondersoek wat verband hou met my voorgenome gesindheid jeens God en my naaste.

In alles gaan dit dus om die selfondersoek, sodat daar met die regte gesindheid by die tafel van die Here aangesit sal word en dat ons die Nagmaal sal gebruik vir die doel waartoe die Here dit ingestel het, nl. tot eer van sy Naam en tot versterking van ons geloof.

### 2.5.6. Die heiliging van die Rusdag

#### 2.5.6.1. Handeldryf op Sondag

In die gesprek moet die ouderling daarop wys dat nie-noodsaaklike handeldryf op Sondag ontheiliging van die dag van die Here is. Vergelyk Jesaja 58:13:"As jy jou voet terughou van die sabbat — om nie jou sake op My heilige dag te doen nie en jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hoog hou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake te soek nie of ydele taal spreek nie, dan sal jy jou verlustig in die HERE. . . ." Daar moet gedurende die week ook voorsiening gemaak word vir die behoeftes van Sondag.

#### 2.5.6.2. Sondagkoerant

Wie die Sondagkoerant lees **verdring** God op die rusdag. Dit pas nie in op die dag wat die Skrif noem "die dag van HERE" nie. Op die rusdag behoort ons deurgaans besig te wees tot eer van God en dit sluit ook ons leesstof in.

## 2.6. ENKELE SKRIFGEDEELTES VIR BEPAALDE GELEENTHEDE

Die gedagte is nie om die Skrif te versnipper in 'n klomp deeltjies nie, maar om net 'n paar gedeeltes vir besondere situasies aan te stip as hulp vir die ouderling by die voorbereiding vir sy huisbesoek.

### 2.6.1. Voorbereiding en Nagmaal

| | |
|---|---|
| Lukas 7:6 | Psalm 23 |
| Exodus 12:11 | Psalm 22 |
| Johannes 6:53 | Jesaja 1:18 |
| 2 Samuel 12:13 | Lukas 14:15-24 |
| 1 Konings 19:7 | Jesaja 53 |
| Job 11:13 | Jesaja 61:10 |
| Psalm 19:13 | |

## 2.6.2. Siekes en beproefdes

| | |
|---|---|
| Eségiël 34:11-16 | Hebreërs 9:27-28 |
| 2 Konings 20:1-7 | Job 2:6-10; 5:17, 18 |
| Mattheüs 14:22, 23;6:25-34; 8:14-17; 11:25-30 | Jesaja 38:9-20; 40:27-31; 43:1-8; 53:3-7 |
| Psalm 23; 42; 43; 46; 62 | Efesiërs 3:14-21 |
| Psalm 30; 41; 6; 27; 34:16-23; 91;121; 139; 146 | Jakobus 1:2-4; 5:13-16 |
| 2 Korinthiërs 4:8-19; 12:7-10; 5:1 | Openbaring 21:4-7 |
| Johannes 14:1-3 (vir die sterwende) | Romeine 8:31-39 |

## 2.6.3. Ampsdraers

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 5 | 1 Korinthiërs 4:6-21 |
| Sagaria 3 | Lukas 9:1-6 |
| 1 Korinthiërs 3:1-8 | Hebreërs 13:6-8 |

## 2.6.4. Die weduwee en die agterblewenes

| | |
|---|---|
| Openbaring 21:1-5 | 1 Korinthiërs 15:16-18 |
| Psalm 62; 16; 73; 139 | 1 Thessalonicense 4:13-18 |
| 1 Korinthiërs 7:29-31 | Johannes 5:19-29 |
| Romeine 8:30 | Openbaring 14:13 |
| Jesaja 40:1-8 | 1 Korinthiërs 5:1-10 |

## 2.6.5. Vir die Jeug

| | |
|---|---|
| Hebreërs 12:1,2 | 1 Thessalonicense 5:23 |
| Prediker3:11 | Psalm 100; 127; 144; 128 |
| Prediker 11:9, 10 | Prediker 12:1 |
| Spreuke 9 | Daniël |

## 2.6.6. Vir die oues van dae

| | |
|---|---|
| Psalm 71:4-9 | Jeremia 31:9 |
| Psalm 50:14, 15, 23; 139; 90; 91 | Hebreërs 13:20 |
| Jesaja 41:10 | Prediker 12:2 e.v. |
| Psalm 40 | Johannes 2:10 |

## 2.6.7. Swak kerkbesoek

Hebreërs 10:19-27 (vs. 25)
Romeine 10:11-21 (vs. 14, 17)
Hebreërs 4:12
Psalm 122 (vs. 46)
Psalm 84

## 2.6.8. Verharding en onbekeerlikheid

Lukas 15; 12:1-20; 13:22-30
Kolossense 3:1-17
Hebreërs 10:26-31
Efesiërs 5:1-21
Jakobus 1:19-27; 2:14-26; 4:1-12
1 Petrus 1:13-25
Openbaring 20:11-15

## 2.6.9. Huisgodsdiens

Lukas 4:4
Johannes 8:47
Openbaring 1:3
Romeine 10:17
2 Timótheüs 3:15
2 Petrus 1:19-21
1 Petrus 1:8-12, 25
Hosea 4:1, 6
1 Petrus 2:2
Deuteronomium 6:5, 6

# 3. TOESIG OOR MEDE-AMPSDRAERS

Volgens art. 23 K.O. behels die amp van die ouderlinge onder meer om **toesig te hou** dat Bedienaars van die Woord hulle mede-ouderlinge en die diakens nulle **ampte getrou bedien.**

## 3.1. Toesig oor die predikant

3.1.1. As ouderling is u geroepe om toe te sien dat **"die gesonde leer"** verkondig word in die prediking, in die kategetiese onderrig en op huisbesoek.

Stel vas of die **preke** suiwer en verstaanbaar is en of dit dien tot opbou van die gemeente, ook of die **kategese** op peil is en die nodige vrugte afwerp.

Volgens Gods Woord mag geen **vreemde leer** voorgedra word nie "sodat alles mag strek tot die stigting van die kerk" (vgl. Hand. 20:29).

Die Woord van die Here bly die reël en rigsnoer vir almal want die gemeente moet homself in leer en wandel openbaar as die liggaam van Christus.

3.1.2. Die toesig oor die predikant behels verder al sy **ander ampswerk** soos huisbesoek, siekebesoek, sterwensbegeleiding, ens. Indien versuim van pligte voorkom is 'n skerp vermaning nodig (vgl. in die verband Eseg. 34:3-5).

Indien die predikant volhard in dwaalleer of om sy ampswerk te verwaarloos of om in lewenswandel af te wyk, sal 'n spesiale vergadering onder leiding van die konsulent nodig wees.

3.1.3. Om bogenoemde toesig te kan uitoefen, rus die verantwoordelikheid op die ouderling om Gods Woord naarstig te ondersoek, die eredienste (oggend en aand) getrou by te woon en periodiek die katkisasieklasse by te woon.

## 3.2. Toesig oor mede-ouderlinge en diakens

Dit behels in kort die volgende:

Dat u wedersyds sal ag gee op mekaar en mekaar sal opwek om die Gereformeerde leer te handhaaf, die **amp** waarin u dien getrou te vervul en 'n **eerbare lewe** te lei sodat u in alles 'n navolgenswaardige voorbeeld vir die gemeente kan wees!

Dit is sonde om die nalatigheid van 'n mede-ampsdraer te bedek ten koste van die eer van die Here, die waardigheid van die amp en die suiwerheid van die gemeente. Om die rede word die Christelike sensuur (art. 81 K.O.) uitgeoefen. Dit bied aan elkeen geleentheid om betyds enige beswaar te opper.

Afwyking van God se Woord deur 'n ampsdraer is 'n ernstige sonde en mag nie toegelaat word nie.

Alle toesig moet egter steeds in 'n gees van liefde en broederlikheid geskied.

U moet waak teen enige optrede wat die wedersydse vertroue kan skaad. U sal begryp dat om hierdie toesig met 'n rein gewete te kan uitoefen u self u amp met **ywer** en getrouheid moet bedien. Een blinde kan immers nie vir 'n ander blinde die pad wys nie!

# 4. DIE KERKLIKE TUG

## 4.1. Uitgangspunt

Vir die deeglike **toerusting** van die ouderling, veral ten opsigte van die handhawing van die kerklike tug, is dit noodsaaklik om met die volgende **uitgangspunt** ernstig rekening te hou:

Die Kerk is die eiendom van Jesus Christus (I Kor. 3:23).

Hy is die Goeie Herder wat in **ewige liefde** sy lewe vir die skape wat die Vader Hom gegee het, afgelê het (Joh. 10).

Hy deel nou self hierdie **liefde** aan sy skape uit; maar Hy doen dit deur middel van mense wat Hy roep en as herders oor sy kudde aanstel met die opdrag: **"Pas my skape op;"** en **"Laat my lammers wei!"**

Voordat Hy hulle egter aanstel, vra Hy eers vir elkeen persoonlik: **"Simon het jy My lief?"** (Joh. 21:15-17).

Hierdie **besondere liefde** is die allereerste en **fundamentele toerusting** vir elke herder (ampsdraer) in die diens van Jesus Christus. Die **liefdes-toerusting** moet nou verder gaan groei in die hart van die ampsdraer deur middel van die tere omgang met die Goeie Herder in sy Woord en die gebed — in studie en praktiese ondervinding. Sonder hierdie **toerusting** is die ampsdraer nie 'n herder in die kudde van die Here nie, maar 'n huurling, 'n dief en rower wat niks vir die skape omgee nie — behalwe om hulle skade aan te doen (Joh. 10:1, 8, 10-13).

Nou is dit opmerklik dat ons Here Jesus Christus in Mattheüs 18 éérs **hierdie liefde** sterk op die voorgrond stel in die gelykenis van **die herder wat sy verdwaalde skape gaan soek** (18:14,15) vóórdat Hy die tug in die gemeente instel met die bekende woorde: **"En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen**...." (18:15-17) wat beteken dat Hy elke lidmaat afsonderlik (vs 15) en almal saam (vs. 17) as herder(s) aanstel oor die broeder wat afdwaal met die opdrag om hom in liefde tot die kudde terug te bring.

## 4.2. Ons belydenisskrifte en die kerklike tug

Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus beklemtoon die **wesenlike plek en betekenis** van die tug in die kerk.

### 4.2.1. Tug: Die derde kenmerk van die ware kerk

Volgens die NGB het die ware kerk van Christus die volgende drie wesenskenmerke:

* **Die suiwere prediking van die Evangelie.**

* **Die suiwere bediening van die sakramente.**

* **Die handhawing van die kerklike tug.**

Die belangrike plek van die tug hier is dat dit moet waak dat die Woord van God gehoorsaam word en die sakramente nie ontheilig word nie. **Die tug is dus noodsaaklik om die kerk te bewaar.** Calvyn noem dit só in sy Institusie: Die saligmakende leer van Christus (Woord en sakramente) is die **hart** van die kerk en die kerklike tug is die **senu wees** wat al die lede van die liggaam — elk op sy plek — aan mekaar verbind. Almal wat die tug van die kerk wil wegneem ot probeer verhinder, soek ongetwyfeld die uiterste verstrooiing van die kerk (Boek IV, XII, 1 en 5).

Die kerk waaruit die tug geneem is, hou op om ware kerk van Christus te wees. (Lees hier ook NGB Art. 32).

### 4.2.2. Tug: Die tweede sleutel van die Hemelryk

In Sondag 31 handel die Heidelbergse Kategismus oor die sleutels van die Hemelryk:

* **Die verkondiging van die Heilige Evangelie.**
* **Die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente.**

Met die verkondiging van die Heilige Evangelie sluit die kerk die hemel oop vir elkeen wat die Woord van God van harte aanneem, en toe vir elkeen wat die Woord verwerp (Joh. 20:21-23; Matt. 16:19).

Maar hulle wat die Woord verwerp in sy kerk lewer Hy nie sommer dadelik oor as prooi van die hel nie (Matt. 13:29). **Hy stuur sy kerk agter elkeen indiwidueel aan met** die **kerklike tug (2e "sleutel)** om met liefdelike vermanings en teregwysings die verharde sondaar terug te roep tot gehoorsaamheid aan die Woord. Wie egter na verskillende stappe van volgehoue vermanings en na vele arbeid hom nog nie tot die Here bekeer nie, word d.m.v. die Christelike ban uit die gemeente uitgesluit en so ook uit die ryk van Christus (Joh. 20), terwyl hy weer met dankbaarheid as lid van Christus en van sy kerk opgeneem word as hy verbetering van sy lewe beloof en bewys (Matt. 18:17-17; I Kor. 5:4, 5, 11; II Kor. 2:6-8; H.K. vr. 85).

## 4.3. Die Bevestigingsformulier vir Ouderlinge en die kerklike tug

In hierdie formulier is dit duidelik dat die kerkraad (predikant en ouderlinge) die hele gemeente verteenwoordig en **dat die opdrag van die tug in die kerk spesifiek aan die kerkraad se adres gerig is:**

**Daarna verwys die Here Christus as Hy beveel: *"Sê* dit aan die gemeente" (Matt. 18:17) "wat seker nie op elke lidmaat van die gemeente afsonderlik betrekking het nie maar wel op diegene wat deur die gemeente gekies is om hulle te regeer". (Bl. 145).**

**Die formulier beklemtoon dit dan ook verder, in sy behandeling van die ampswerk van die ouderlinge, dat die handhawing van die kerklike tug die inherente taak is van die ouderling saam met die bedienaar van die Woord.** Dis hulle taak "om sorgvuldig toe te sien dat elkeen hom in belydenis en wandel betaamlik gedra, om die onordelikes te vermaan en om soveel moontlik te voorkom dat die Sakramente ontheilig word. **Verder moet hulle volgens die Christelike dissipline of kerklike tug optree teen die wat nie berou het nie, en die wat wel berou het, weer in die gemeenskap van die kerk te ontvang."** (Bll. 145-146).

Hierom word daar ook spesifiek vir die ouderlinge gebid:

"Gee dat die ouderlinge vlytig toesig mag hou oor die leer en die wandel, **die wolwe mag weer uit die kudde van U geliefde Seun en die ontroues vermaan en bestraf". (Bl.** 150).

## 4.4. Die Kerkorde en die kerklike tug: Artikels 71-80

Die beginsels van die kerklike tug soos dit vir ons gegee is in die Heilige Skrif en ook vasgelê is in ons belydenisskrifte, word in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in S.A. in artikels 71-80 vir ons nader verklaar met die oog op die toepassing daarvan in die praktyk.

Die hoofsaak waaroor elke artikel handel:

*Art. 71:* Die aard en noodsaaklikheid en doel van die kerklike tug.

*Art. 72 en 73:* Waar en hoe die kerklike tug begin (Matt. 18:15, 16).

*Art. 74:* Die oorgawe van 'n tuggeval aan die kerkraad.

*Art. 75:* Die wyse van kerklike versoening.

*Art. 76:* Afhouding van die Sakramente of klein ban.

*Art. 77:* Die afsnyding of groot ban.

*Art. 78:* Die weeropneming van 'n afgesnedene.

*Art. 79 en 80:* Die tug oor ampsdraers en die openbare growwe sondes.

## 4.5. Die aard van die kerklike tug

Hieroor handel artikel 71 onder andere:

"Die kerklike tug is **geestelik".**

Dit dra 'n geestelike karakter en is die geestelike mag wat die kerk in die Naam van en volgens die opdrag van Christus uitoefen na die eis van God se Woord. Hierin verskil dit wesenlik van die heersende en dwingende mag van die owerheid wat elke oortreder straf vir sy oortreding. Die kerklike tug gaan oor die verharde sondaar totdat hy berou het oor sy sonde en hom bekeer van sy verkeerde weg.

## 4.6. Die doel van die kerklike tug

Elke tughandeling wortel in die liefde en het drieërlei doel:

### 4.6.1. Die handhawing van die eer van God

Elke tughandeling geskied **uit liefde vir God** (Joh. 21). Deur die openbare sonde in die gemeente word sy Naam onteer en sy Woord verwerp en dit mag nooit gebeur nie (Rom. 2:4). Deur die volhardende sondaar te tug en sy sonde te bestraf word die eer van God en sy Woord in die kerk gehandhaaf.

### 4.6.2. Die handhawing van die heiligheid van die gemeente

Elke tughandeling geskied ook **uit liefde vir die kerk van die Here.**

Want die liggaam van Christus (kerk) moet heilig gehou word. Sonde wat nie teengegaan word nie, woeker soos suurdeeg voort en besmet die hele gemeente (I Kor. 5:6,11). Deur die kerklike tug word al hierdie onsuiwer elemente uitgesuiwer (I Kor. 5:7); die sweer in die liggaam word genees of uitgesny, en só word die heiligheid van die gemeente gehandhaaf.

### 4.6.3. Die behoud van die sondaar

Ten slotte geskied elke tughandeling uit **liefde vir die sondaar,** nl. om hom daarmee te stuit op sy weg na die verderf en hom tot die weë van die Here terug te bring sodat hy kan lewe (Eseg. 18:33). Die kerklike tug is die volhardende soeke na die verlore skaap om hom weer terug te bring in die kudde (Matt. 18:14,15). Lees ook in die verband Openb. 3:19 Spr. 13:24; II Thess. 3:14, 15 en Hebr. 12:5-8.

Dwarsdeur die hele proses van vermaning en tug moet die woorde van Paulus eintlik gehoor word: **"Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil, laat julle met God versoen"** II Kor. 5:20. (P.J. de Bruyn, "Die Gesonde Leer", **bl.** 44).

So word die doel van die kerklike tug dan ook in Art. 71 van die Kerkorde

bepaal:

". .. . **om die eer van God te handhaaf, .... Die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen .... die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem".**

## 4.7. Waar die kerklike tug begin

### 4.7.1. In die gemeente

Volgens Mattheüs 18:15 en 16 en so ook artikels 72 en 73 K.O. begin die kerklike tug **in** die gemeente. Hier word die Kainsgees volkome uitgeban en elke lidmaat as **"hoeder van sy broeder"** aangestel.

Die liefde vir God, vir die kerk en vir die sondaar word al dáár gehandhaaf waar lidmate onder mekaar die kwaad begin uitroei, die onheilige vuur begin doodslaan terwyl dit nog klein brand, die afgedwaalde begin terugroep by sy eerste verkeerde tree.

Dis hier waar **die tug as derde kenmerk van die ware kerk al tot openbaring moet kom.**

Hiér waar **elke lidmaat** volgens Mattheüs 18 gehoorsaam is aan die opdrag van Christus: **"En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente.** ..." (vss. 15-17a).

Volgens art. 72 K.O. begin die kerk al hiér—in elke lid — om te **waak vir die suiwerheid van die leer en die vroomheid van lewenswandel** in

die gemeente.

### 4.7.2. Heimlike sondes

Hierdie onderlinge vermaning gaan net oor **"heimlike" sondes.** Nie sondes wat iemand in sy hart koester nie — dis verborge en daaroor kan die kerk nie oordeel nie — maar sondes wat al in 'n mate deur woord of daad tot openbaring gekom het, sodat slegs een of selfs 'n paar lidmate daarvan weet; dus sondes wat nog nie in die openbaar aanstoot gegee het nie (art. 72 **K.O.).**

### 4.7.3. Die onderlinge vermaning

Wanneer 'n gelowige nou so 'n heimlike sonde doen, moet 'n mede-gelowige hom in die geheim gaan vermaan **"tussen jou en hom alleen". "As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin";** (Matt. 18:15) dan is die verlore skaap terug in die kraal . . . dan staak jou soektog want die doel is bereik. (Luk. 17:3; Gal. 6:1; Tit. 3:10; Hebr. 10:25).

**"Maar as hy nie luister nie",** dan word die onderlinge vermaning dringender, dan verskerp die soektog: **"neem nog een of twee met jou saam"** (Matt. 18:16; vgl. ook Deut. 17:6; 19:5; Joh. 8:17; 2 Kor. 1:11; 1 Tim.5:19; Hebr. 10:28) sodat dit kan vasstaan dat hy op behoorlike wyse vermaan is. As hy dan na die vermaners luister en daar kom berou, word die saak heeltemal as afgehandel beskou.

So stel artikel 73 K.O. dit ook baie duidelik: **"Die heimlike sondes waaroor die sondaar berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in die teenwoordigheid van twee of drie getuies** vermaan is, moet nie **voor die kerkraad gebring word nie".** Alleen as al die getuies oortuig is van die verharding van die sondaar — ondanks al die liefdevolle vermanings — word die saak aan die kerkraad oorgegee volgens die bevel van Christus: **"Sê dit aan die gemeente".**

Tot hierdie **onderlinge vermanings** moet die kerkraad lidmate steeds opwek in die prediking, die katkisasie en huisbesoek. Dit is volgens Calvyn die **eerste fondament** van die kerklike tug. (Institusie, Boek IV, XII, 2).

## 4.8. Prosedure by die toepassing van die kerklike tug

Artikels 74 tot 80 van die Kerkorde handel oor die kerklike tug in die enger sin; dit wil sê: die kerklike tug soos dit deur die **kerkraad** as **amptelike verteenwoordigers** van die gemeente toegepas moet word, volgens die eise van God se Woord — tot eer van God, tot heilighouding van die gemeente en tot behoud van die sondaar.

Die tughandeling van die kerkraad gaan alleen oor die sondes wat in die **openbaar** gedoen is. Selfs die **"heimlike sondes"** waarin die lidmaat volhard nadat hy volgens Mattheüs 18:15 en 16 broederlik vermaan is, word nou **openbaar.**

### 4.8.1. Die oorgawe van die tuggeval aan die Kerkraad

Artikel 74 K.O. reël dat die saak van 'n lidmaat wat aan 'n openbare sonde (soos hierbo gestel) skuldig is, by die kerkraad aanhangig gemaak moet word.

Die optrede van die kerkraad is kortliks soos volg:

#### 4.8.1.1. Die kerkraad stel ondersoek in na die volgende:

* Is Mattheüs 18:15, 16 behoorlik toegepas deur die klaer?

* Is dit 'n tugwaardige sonde waarvan hy aangekla word?

* Volhard hy in sy sonde?

In die gevalle waar die resultaat van die ondersoek positief is, neem die kerkraad die bearbeiding van die sondaar oor.

#### 4.8.1.2. Begin van die kerklike bearbeiding

4.8.1.2.1. Die kerkraad begin sy amptelike bearbeiding deur die betrokke sondaar in die reël deur middel van 'n kommissie te ontmoet om:

- hom geleentheid te gee om sy hart uit te praat oor die meriete van sy saak,
- met 'n toegeneë oor na hom luister,
- hom te konfronteer met die Woord van God waaraan hy ongehoorsaam is,
- hom te wys op die gevolge van sy ongehoorsaamheid,
- hom dienooreenkomstig ernstig te vermaan in liefde
- hom dringend op te roep tot berou en bekering as sy enigste weg tot behoud.

4.8.1.2.2. Luister hy na hierdie vermaning deur sy sonde te erken en sy skuld te bely, dan word hy volgens art. 75 K.O. van die tug onthef, want die vermanings het sy doel bereik.

4.8.1.2.3. Volhard hy egter in sy sonde na vele vermanings en by vele geleenthede dan word die tug op hom verskerp en art. 76 K.O. op hom toegepas.

4.8.1.3. Die kommissie doen gereeld verslag van al sy werk aan die kerkraad (aantal ontmoetings, vermanings, bevindings, ens.). Die kerkraad hou noukeurig notule van al sy handelinge.

### 4.8.2. Die afhouding van die sakramente

Met die toepassing van art. 76 K.O. deur die kerkraad begin die kerklike tug in al sy skerpte:

Die sondaar wat die vermanings van die kerkraad (art. 74 K.O.) tot dusver hardnekkig verwerp het en die een wat 'n openbare en growwe sonde (art. 80 K.0.) gedoen het sonder berou, **word hier die reg om die sakramente te gebruik deur die kerkraad ontneem.**

#### 4.8.2.1. Wat die afhouding van die sakramente beteken

Dit is 'n dissiplinêre, 'n tugtende, 'n kastydende daad van die kerkraad waarmee hy die verharde sondaar kragtig tot bekering roep; waarmee hy aan die sondaar sê dat hy nie meer ten volle deel het aan die heilgoedere van Jesus Christus nie. Daarom word die afhouding van die sakramente ook die **klein ban** genoem: dit is die begin van die uitsluiting uit die gemeente en so uit die ryk van Christus, as hy hom nie bekeer nie. Dit geskied egter nog in die "stilte" — sonder om iets daarvan aan die gemeente mee te deel. Daarom noem ons die afhouding van die sakramente ook **die stille sensuur.**

#### 4.8.2.2 Die besluit tot afhouding

Die besluit om 'n lidmaat van die sakramente af te hou, kan alleen op 'n amptelike kerkraadsvergadering geneem word. Geen ouderling kan byvoorbeeld op huisbesoek 'n lidmaat verbied om die sakramente te gebruik nie. Hierdie besluit moet ook amptelik aan die lidmaat persoonlik oorgedra word, liefs per brief.

#### 4.8.2.3. Volgehoue bearbeiding deur die kerkraad

Die kerkraad benoem 'n kommissie om die lidmaat na afhouding van die sakramente gereeld te besoek, te vermaan en in liefde op te roep tot boetvaardigheid oor sy sonde. Op elke kerkraadsvergadering moet die kerkraad hom van die toestand van die sondaar vergewis.

Die dissiplinêre afhouding gaan vir 'n onbepaalde tyd voort te midde van volgehoue vermanings totdat daar by die sondaar versoening kom (art. 75) of totdat die kerkraad oortuig is dat daar vir hom nou niks meer oorbly nie as om oor te gaan tot die **groot ban, die toepassing van art. 77 K.O.**

#### 4.8.2.4. Deeglike kerkraadsnotule

'n Noukeurige notule van al die handelinge van die kerkraad is uiters noodsaaklik.

Die volgende sake moet duidelik vermeld word:

- Naam van die sondaar wat van die sakramente afgehou is volgens art. 76.
- Die bedrewe kwaad (teen watter gebod).
- Die bewese skuld.
- Die klaarblyklike onboetvaardigheid.
- Besluit tot afhouding van die sakramente.
- Volledige verslag van verdere arbeid deur kerkraad (vgl. handleiding by die K.O., bl. 453).

### 4.8.3. Die afsnyding of die groot ban

Met die toepassing van artikel 77 K.O. betree die kerkraad nou die laaste en ernstigste fase van die kerklike tug. Dit is die skerpste oproep tot bekering wat die kerk in die Naam van Jesus Christus tot 'n verharde sondaar kan rig, nl. dat daar nou, met medewete en goedkeuring van die gemeente, oorgegaan sal word tot sy afsnyding uit die gemeente en uit die ryk van Christus as hy hom nie bekeer nie. 4.8.3.1. **Die drie trappe**

Hy kry egter nog tyd vir ernstige besinning, want die finale afsnyding volgens die formulier word voorafgegaan deur drie trappe of openbare afkondigings in die gemeente — wat met behoorlike tussenpose geskied waarin die vermanings voortgesit word.

**Die eerste trap**

Hier word aan die gemeente genoem watter gebod hy oortree het, dat hy na veelvuldige vermanings nog in die sonde volhard — sy naam word egter nie genoem nie om hom enigsins te spaar. Die gemeente word gevra om vir hom te bid.

**Die tweede trap**

Dieselfde afkondiging word in die gemeente gedoen, maar na advies van die Klassis word die sondaar se naam ook hier genoem. Die gemeente se voorbidding word weer gevra.

**Die derde trap**

Die afkondiging by die 2e trap word hier herhaal. Verder word aangekondig dat, indien daar geen bekering plaasvind nie, daar weldra tot die finale afsnyding oorgegaan sal word met vermelding van die datum wanneer dit sal plaasvind. Die tydsverloop tussen die trappe word deur die kerkraad self bepaal volgens die meriete van die geval. Intussen word met bearbeiding volgehou. "Eers as al die vermanings vrugteloos was en die sondaar hom bly verhard teen die uitsprake van die Woord en dus teen Christus Self, mag die ban toegepas word". (Handl. by die K.O., bl. 459).

Die lidmaat word volledig op hoogte gehou per brief, by die toepassing van elke trap, asook van die besluit tot en datum van afsnyding.

**4.8.3.2. Die afsnyding**

Datum vir afsnyding moet behoorlik vasgestel word.

Die afsnyding geskied volgens die Afsnydingsformulier (agter in Psalmboek, bl. 128-132).

Na afsnyding word volhard in voorbidding en evangelisasiewerk soos aan die "HEIDEN EN DIE TOLLENAAR".

**4.8.3.3. Die weeropneming: Art. 78 K.O.**

Die sondaar word, as hy hom bekeer van sy sonde, weer in die gemeenskap van die kerk en in die ryk van Christus opgeneem d.m.v. die Formulier vir Weeropneming" (agter in Psalmboek, bll. 132-136).

Datum vir weeropneming moet behoorlik vasgestel word by 'n Nagmaalgeleentheid en aan die betrokkene meegedeel word.

**4.8.3.4. Opmerking**

'n Kerkraad moet onder geen omstandighede bevrees wees om die tug liefderik en doelgerig tot die uiterste stap toe te pas wanneer 'n lidmaat volhard in sy sonde nie. Dit sal altyd die uitwerking hê dat dit die verlore skaap — die ware kind van God — terugbring in sy kudde, terwyl dit die saamloper daaruit verwyder.

So word met die kerklike tug tegelyk die Woord en eer van God gehandhaaf, die kwaad uit die gemeente uitgesuiwer en die liefde van God vir die sondaar in sy volle krag toegepas.

## 4.8.4. Die tug oor ampsdraers

Artikel 79 K.O. handel spesifiek oor die tug oor ampsdraers terwyl artikel 80 die growwe sondes opnoem wat 'n ampsdraer se amp in gedrang bring as hy hom daaraan skuldig maak.

**4.8.4.1. Die ampsdraer wat hom skuldig maak aan 'n tugwaardige sonde**

Wanneer 'n ampsdraer hom skuldig maak aan 'n tugwaardige sonde (art. 80) **moet daar eers oor sy amp gehandel word** voordat die gewone sensuur op hom toegepas kan word (art. 76 en 77) want volgens art. 22-24 K.O. kan 'n persoon wat onder sensuur verkeer nie 'n amp in die kerk beklee nie.

**4.8.4.2. Die klag teen 'n ampsdraer**

Die kerkraad kan slegs 'n klag teen 'n ampsdraer in behandeling neem indien dit formeel

in orde is volgens die eise van Deut. 19:15 en I Tim 5:9.

Nadat die klag formeel in orde bevind is, stel die kerkraad ondersoek in na die grondigheid van die klag.

Die aangeklaagde kry ook kennis van die klag teen hom en geleentheid om hom te verdedig.

**4.8.4.3. Voorlopige skorsing van ampsdraers**

Wanneer die kerkraad die klag grondig bevind word die betrokke ampsdraer dadelik voorlopig geskors (dit wil sê hy word die reg op sy ampsbediening en die bywoning van kerkraadsvergaderings voorlopig ontsê).

Indien die aangeklaagde die predikant is, moet die konsulent die vergadering lei waarop oor die voorlopige skorsing behandel word.

**4.8.4.4. Skorsing en afsetting van ampsdraers**

**Meerdere advies**

Hiervoor word 'n naburige kerkraad of deputate (predikant en 2 ouderlinge) van twee naburige kerkrade opgeroep om onpartydig saam met die plaaslike kerk te oordeel oor die grond en die reg van die voorlopige skorsing.

**Ouderlinge en diakens**

Nadat die gekombineerde kerkraadsvergadering die voorlopige skorsing gegrond bevind het, word gehandel oor die dissiplinêre skorsing of afsetting in die geval van ouderlinge en diakens.

**Predikante**

In die geval van 'n predikant kan hy netgeskors word deur die gekombineerde vergadering. Sy afsetting word deur die Klassis hanteer met advies van die deputate vanweë die Partikuliere Sinode.

**4.8.4.5. Bekendstelling van skorsing en afsetting**

'n Volledige kennisgewing van redes tot skorsing of afsetting van ouderling of diaken of predikant deur die betrokke vergadering opgestel, word in die gemeente waar die broeder gedien het, voorgelees.

In die geval van 'n bedienaar van die Woord word ook aan die kerk verband 'n vertroulike skriftelike mededeling i/s sy skorsing of afsetting gedoen.

**4.8.4.6. Herstel in die amp**

Herstel in die amp is moontlik as die kerk oortuig is dat so 'n broeder weer met stigting en eer in die diens van die Here kan staan.

# 5. VERGADERINGS, VERSLAE EN ARTIKEL 81 K.0.

## 5.1. Kerkraadsvergaderings

Die regering van die plaaslike kerk is die roeping van die **kerkraad (d.w.s.** die **lerende** ouderling — die bedienaar van die Woord en die regerende ouderlinge).

Vir die doel moet hulle **gereeld,** d.w.s. sowel voor as ná die Nagmaal, vergader (vergelyk art. 23 K.O.) om te handel oor sake wat spesifiek by die amp van die ouderlinge hoort (vgl. art. 37 in Handleiding by die K.O.).

Verder moet die kerkraad ook gereeld met **die diakens** saam (die sg. Breë kerkraad) vergader om oor alle ander **kerklike sake** (vgl. art 30 K.O.) te handel.

Die kerkraad vergader ook **met die gemeente** om ampsdraers te kies en om saam te beslis oor "middelmatige sake".

Die kerkraad behou egter altyd die leiding. Die bedienaar van die Woord is kragtens sy profetiese amp **voorsitter** van genoemde vergaderings, terwyl die skriba(e) beslissings noukeurig moet formuleer.

Op 'n kerklike vergadering word nie debat gevoer nie, maar gevra: "Wat sê die Here in sy Woord". **Die Skrif, die belydenis en die kerkorde** moet die grondslag vorm van elke besluit. Die ideaal is dat besluite met algemene stemme geneem word. Geen besluit mag op dieselfde vergadering **herroep** word nie.

**Praktiese opmerkings**

- Kerkraadsvergaderings is **streng vertroulik** en lidmate het nie vrye toegang nie. Hulle kan wel toegelaat word om hul saak te stel, maar 'n beslissing word nie geneem in hul teenwoordigheid nie.
- 'n **Spesiale** vergadering is alleen wettig as elke lid behoorlik kennis gekry het daarvan.
- **Konsistorievergaderings** is alleen wettig as die kerkraad besluit het dat elke Sondag amptelik vergader word. Dit is egter alleen geskik vir afhandeling van attestate en minder belangrike korrespondensie.
- **Sake vir die agenda** moet liefs voor die volgende vergadering geopper word sodat almal geleentheid het vir voorbereiding. Die item "Algemeen" is ongewens op die agenda.

## 5.2. Verslag

Elke ouderling moet gereeld verslag doen (voor sowel as na die Nagmaal) van die welsyn van lidmate in sy wyk. Verslag moet verkieslik skriftelik gelewer word.

Daarbenewens moet gereeld verslag gedoen word van kommissiewerk wat gedoen is m.b.t. katkisasie, ondersoek van katkisante voor toelating om geloofsbelydenis af te lê, finansiële sake, sending en evangelisasie, bouwerk, aansoek om opname in die kerk, die onderwys in die skole, ens.

Al hierdie skriftelike verslae behoort **genommer en geliasseer** te word met die oog op later verwysings. Mondelinge verslae is vir notuledoeleindes van nul en gener waarde.

## 5.3. Artikel 81 K.O.

Die voorskrif van die **onderlinge toesig** Dy die ampsdraers berus op die beginsel dat gelowiges geroepe is om onderling op mekaar ag te gee en mekaar se laste te dra. Daar moet gelet word op mekaar sodat elkeen sal weet hoe hy hom in die **huisgesin van God** moet gedra (I Tim. 3:15). Met vermaning mag nie gewag word totdat 'n mede-

ampsdraer in die strik van die duiwel val nie.

Ampsdraers moet mekaar in die lig van die opdrag en die vereistes waaraan Christus hulle gebind het beoordeel.

In geval van nalatigheid, slordigheid of eiewilligheid wat tot ampsontrou kan lei, as daar met versoekinge gespeel word, of as **enigiets** opgemerk word wat die bediening kan bedreig, moet so 'n ampsdraer vroegtydig gewaarsku, vermaan en bemoedig word.

Dit moet geskied in 'n broederlike en vriendelike gees. Die een wat vermaan word moet dit ook met 'n goeie gesindheid aanvaar en ag daarop gee. Geen skinderpraatjies of persoonlike vooroordele of griewe mag onder art. 81 'n plek kry nie. Dit gaan oor die ampswerk, die leer en die lewe van 'n ampsdraer.

**Waar en wanneer word art. 81 toegepas?**

In 'n vergadering van die kerkraad **met die diakens,** gewoonlik voor die Nagmaal. Die broeder wat vermaan word moet ook **teenwoordig** wees. Die beste metode is om in die volle vergadering aan elke **broeder persoonlik** te vra of hy iets aan te merk het op enige ander broeder in die bediening van sy amp. As alternatief kan die voorsitter elke ampsdraer afsonderlik noem en vra of enigiemand sy ampswerk wil bespreek.

Indien 'n ampsdraer wat op die wyse herhaalde kere reeds vermaan is, en in sy afwykings volhard kan art. 79 K.O. uiteindelik op hom toegepas word. Kom ons neem volle vrymoedigheid om — wanneer nodig — mekaar op te skerp en aan te spoor tot groter ywer in die uitoefening van ons heerlike roeping tot welsyn van die kerk en tot eer van die Here ons God.

# 6. BIBLIOGRAFIE

Vir die ouderling wat homself verder vir sy taak wil toerus, is daar verskeie goeie boeke en tydskrifartikels wat hy kan lees:


DE KLERK W.J. *Die herder-ouderling: Flitsgedagtes.* Potchefstroom: Pro-Rege Pers, 1958.

— *Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds (Admin Buro), 1979.

KRUGER L.S. *Die praktiese toepassing van die kerklike tug.* Potchefstroom: Pro-Rege Pers, 1958.

KRUGER L.S. ea *Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* Potchefstroom: Pro-Rege Pers, 1966.

MYBURGH A. ea *So sê die HERE, Here: Die ouderling op huisbesoek (Deel I en Deel II).* Pretoria: T.G. van Wyk, 1981 (Deel I — 4de druk) en 1978 (Deel II).

MYBURGH A. ea *Dominee ek wil weet...* Pretoria: Die skrywers, 1980.

SPOELSTRA B. "Die diens van die ouderling vandag" *In die Skriflig,* vol. 10, no. 37, Maart 1976.

VENTER C.J.H. "Huisbesoek: Prinsipieel en prakties besien" *Die Goue Kandelaar,* 1973.

VENTER D.G. ea *Handleiding vir ouderlinge* (Tweede hersiene uitgawe). Potchefstroom: Pro-Rege Pers, 195?

VISSER J. *Kerklike Tug — Wat sê die Nuwe Testament.* Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1980.

VORSTER J.M. *Die gemeente aan die werk.* Pretoria: Gereformeerde Kerk Derdepoort, 1980.

VORSTER *J.M. Het die kerk nog betekenis?* Pretoria: NGKerk-Boekhandel, 1981.